


NOORD
Nuus

2018
wellington-noord
Geloofsgemeenskap



15
April 2018



paasfees



Welkom by vandag se erediens!

Laat ons feesvier met die Ongesuurde brood van reinheid en waarheid

VANDAG SE PROGRAM

	Predikant Ds. Francois Human	Orrelis Johann Enslin
09:30	Erediens	
	Dienswerkers: Carel van der Merwe & Rudolf Jansen van Vuuren	
	DEUROFFER: Moslembediening - Baie hartlik welkom aan Lona Liebenberg en haar span wat ook 'n poppekas vertoning vir die kinders aanbied!	
	Tee en Sap na die erediens op die stoep van die kerksaal	
10:45	Kategese	
19:00	Leefkerk: Moederkerk	

- **Water vir tuin** – Indien daar persone met boorgate of ander bronne is om dalk een keer 'n tenk water te bring vir die kerk se tuin. Kontak asb vir Marius oor wanneer dit gebring kan word.
- **Kerkalmanakke** in voorportaal. Let ook op Info op agterblad.
- **Eredienstye** vir kwartaal 2 en 3 – 09:30



Gedenkpilare

Ons beplan om eersdaags met die oprigting van gedenkpilare te begin. Die instandhouding word deur die gemeente waargeneem, en die administrasie word deur die Kerkkantoor hanteer. Kopers maak 'n keuse uit beskikbare nisse, waarna 'n bewaringsooreenkoms by die Kerkkantoor geteken word. Die graving word deur die koper gereël, en is nie by die prys ingesluit nie. Skakel die Kerkkantoor gerus indien u meer inligting verlang, of solank u naam wil opsit vir die koop van 'n nis.



Bybelskool

Bybelskool begin weer Dinsdag 17 April om 18:30 en Woensdag 18 April om 09:30.

Gebedsimfonie

Die Gebedsimfonie (interkerklike gebedsgroep vir sending en herlewing) ontmoet weer Sondag 15 April om 3:30 nm by Eerste laan 22. Almal baie welkom. Vars gebedsake word deurgegee om ons te help om vir ons sendelinge en gemeentes te bid. Vir meer inligting, bel ds Attie van Wijk 082 557 9796.

HAPPY BIRTHDAY

Dale Lees (15) – Rudolf Dreyer (16) – Nicky Geldenhuys (16) – Renier Marais (17) – Debora von Litsenborgh (17) – Cornell de Klerk (18) – Robert Harris (18) – Lizelle Scott (18) – Altus Lambrechts (19) – Nadia Malan (19) – Mariaan Stroebel (19) – Marius Rabie (19) – Jacques de Beer (21) – Willem Spangenberg (21) – Neels van Rooyen (21) – Lizelle van Rooyen (21)

Kospakkies / Alimentasie



Baie dankie vir ruim bydraes wat ons reeds ontvang sodat ons weer ander in nood kan help. Alle bydraes is altyd welkom!



Gebedsversoeke
Ons vra voorbidding vir:
#imagine tieners terug in gemeenskappe
Genade in die droogte
Pinkster-voorbereiding
Badisa se maatskaplike dienste
Maatskaplike werkers
Elkeen by vroeëkindontwikkeling betrokke
Gelowiges in lande sonder godsdiensvryheid



Getuig deur vrae te vra

In sy boek "Ask your Muslim Friend", sluit Andreas Maurer die volgende getuigenis in van 'n persoon van Alexandrië, Egipte:

"Ek het grootgeword in 'n streng Moslem familie en is geleer dat ek die Islam geloof nooit mag bevraagteken nie. Tussen die ouderdom van 16 en 20 het ek elke jaar verskeie toeriste ontmoet met wie ek kort gesprekke gehad het. Hulle het my elke keer indringende vrae gevra oor Islam. As 'n getroue Moslem, het ek die vrae geignoreer, maar die vrae het my snags laat wakker lê totdat ek besluit het om die antwoorde te soek.

Op 20, het ek vir die eerste keer in my lewe probeer om die Koran te verstaan in plaas van om dit net te resiteer. Ek was teleurgesteld omdat die Koran moeilik verstaanbaar is en nie antwoorde op my vrae gebied het nie. Dit het 'n krisis in my lewe veroorsaak, want ek wou nie meer 'n Moslem wees nie. Tydens besigheid in Brittanje, het ek Christene ontmoet en die Bybel bestudeer. Ek het besef dat die Bybel die antwoorde op my vrae het en ek het 'n volgeling van Jesus geword. Ek wens ek kan die toeriste vind om hulle te bedank vir hulle eenvoudige vrae wat my na die waarheid en Jesus Christus gelei het. Waarskynlik is hierdie toeriste onbewus van hoe dit my lewe verander het."

1. Leer ken ten minste een Moslemvriend. Stel opreg in hom/haar belang en spandeer tyd saam. "If each one reach one, everyone can be reached."
2. Luister baie goed na jou Moslemvriend. Luister na wat hy vertel van homself en van sy geloof. Vra indringende vrae op 'n liefdevolle manier.
3. Elke Christen kan 'n getuie wees teenoor 'n Moslem. Hoe meer jy van hul geloof te wete kom, hoe hulle dit beoefen en hoe hulle daarvoor dink, hoe meer sal jy leer om effektiewe en indringende vrae te kan vra.
4. Vertel jou Moslemvriend hoe jy God se teenwoordigheid en leiding in die alledaagse lewe ondervind. Wees liefdevol, sensitief, maar openlik oor jou eie geloof.

5. Wanneer jou Moslemvriend sekere stellings maak oor sy geloof of die Christen geloof, vra hom waar dit staan (Bybel of Koran) en lees dit saam met hom. Soek en ontdek saam die waarheid.

Jeug kuier by Salem

Daar is 10 stilhou plekke in die tuin waaronder ons vandag stilgestaan het met die Paasgebeure. Toit Wessels van NG Kerk Agter-Paarl wat nou betrokke is by die jeug was ons toerleier en elkeen van ons kinders het met hul eie verhaal huis toe gegaan.



Gebedsgids vir Bybelwerk – 15-21 April 2018

Argentinië: Bid vir ons verkeie Bybelse invloedprojekte waardeur ons mense met die Woord van God in aanraking wil bring. Bid ook vir ons projek om die Bybel vir kinders in Argentynse Gebaretaal beskikbaar te stel. Dank die Here vir die toename van Bybelverspreiding in ons land.

Bolivia: Bid vir Bybelverspreiding in Bolivia. Bid veral vir leiding en beskerming van ons personeel wat na die uithoeke van die land reis om Bybels beskikbaar te stel. Bid vir ons senior bestuurspan en vir projekte om die Bybel aan sig- en gehoorgestremdes beskikbaar te stel.

Uruguay: Bid asseblief vir die verbetering van die ekonomiese en finansiële situasie waarin ons Bybelgenootskap hom tans bevind. Bid vir die sukses van al die nuwe strategieë om Bybels in ons land te versprei. Bid vir ons personeel.

Spitbraai & Duifveiling

in samewerking met Wellington Duiweklub

Nelsons Creek

25 Mei 2018 - 18:30 vir 19:00

R 200 pp - Semi-Formeel

Te koop by Kerkkantoor

Kontantkroeg beskikbaar

Almal welkom!

wellington-noord
Geloofsgemeenskap

NGK Wellington-Noord

MacCronestraat 11 – Wellington – 7655

Tel/Faks: 021 873 2763 | **Pastorie:** 021 873 2765

Bankbesonderhede: ABSA, Wellington: 430 580 019

 www.facebook.com/wellingtonnoord

E-pos adresse:

Francois Human: francois@wellingtonnoord.co.za

Johann Crous: crousjm@telkomsa.net

Marita Coetzee: marita@wellingtonnoord.co.za

Marius Otto: marius@wellingtonnoord.co.za

Johann Enslin: jenslin@hugenoteskool.co.za



GAAN BESOEK GERUS ONS WEBBLAD: www.wellingtonnoord.co.za of
ons **FACEBOOK-BLAD:** www.facebook.com/wellingtonnoord